+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

**PUBLIEKE DEELNAME**

**HUUROOREENKOMS: GEDEELTE VAN ERF 8313, INDUSTRIELE GEBIED, SWELLENDAM (AANGRENSEND TOT DIE VERKEERS AFDELING)**

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate-Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Burgemeesterskomitee in beginsel goedkeuring verleen het vir die verhuring van 'n gedeelte munisipale grond, wat gaan dien as 'n bus depot in Swellendam se Industriele area, met die volgende voorwaardes:

**Voornemende Huurder:** **Tyebile Trading 16cc t/a SWANNS Busdienste**
**Huurperiode:** **3 jaar**
**Huurbedrag *(BTW uitgesluit)*:** **R3 000.00 per maand**
**Jaarlikse eskalasie:** **10%**

Die voornemende Huurder is verantwoordelik vir die aansluiting van dienste, die voorbereiding van die grond, naamlik die gelyk maak en die kompaktering, die stormwater dreinering, die oprig van `n omheining, asook die bou van `n ingang en uitgang vir die verkeer.

Besware / kommentaar moet skriftelik wees en moet die ondergetekende bereik nie later nie as **Maandag, 16 Augustus 2021 om 12:00.** Besware / kommentaar kan per hand gelewer word by Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy of haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor, Swellendam. Mev L. Baransky sal sodanige mondelingse vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelingse kommentaar lewer.

Laat besware / kommentaar sal nie oorweeg word nie. Verdere inligting kan bekom word by Mev L. Baransky by 028 514 8500 of e-pos liezel@swellenmun.co.za.

**A.M GROENEWALD**
**Munisipale Bestuurder**

Posbus 20
Swellendam
6740

*Kennisgewing H5/2021*